# KOMMUNIKASIE-AANTEKENINGE OOR DIE SUID-AFRIKAANSE VERKIESING: APRIL 1994

WILLEM DE KLERK



*Willem de Klerk is Spesiale Professor verbonde aan die Department Kommunikasie aan die RAU en bekende politieke analis en kommentator.*

## ABSTRACT

This article has been written on request of the editorial staff. It can be described as a review of the 1994 election in South Africa from a variety of perspectives.

It suggests that from 1987 until 1990, negotiation and persuasion successfully paved the way for the election. The negotiation process from 1990 until 1993 was embedded in the dynamics of negotiation communication. Critical remarks are made regarding voter education and the various other structures organisationally involved with the election. The author arrives at the following statements: that the process was carried by political expectations about the election and not so much by the administration and organisation thereof; that State information must be completely divorced from the political party in power; and that a law in respect of freedom of information is essential.

The election campaign is discussed from the perspective of policy communication, political rhetoric, propaganda techniques, the advertising campaign and the way in which the media handled the election. The statement is made that the election results prove that it was a symbolic election - a racial election - and that the election campaign did not significantly affect the results.

The remarkable phenomenon that the political climate in the country changed from pessimism to optimism within days after the election, is briefly discussed. Issues expected to receive attention in political discourse over the next three years, are summarised.

A few research themes and fields of application for Communication Science in the context of South African politics, are



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

explored.

## DIE ESSENSIE VAN DIE AANLOOP TOT DIE VERKIESING

Die kommunikasiehoek is saam te vat in dié stelling: ***onderhandeling en oorreding het op 'n baie suksesvolle wyse die weg vir die verkiesing gebaan.***

Hierdie onderhandeling en oorreding het prosesmatig op drie terreine beweeg. Die aftakeling van apartheid, die "afkoeling" van die swart revolusie en die ontwerp van die oorgangsmaatreëls en strukture.

### Die aftakeling van apartheid [1]

Dit het al begin vanaf die middel tagtigerjare met die konsep van magsdeling tussen swart en wit. Vanaf 1982 het verandering en vernuwing 'n baie sterk aandrang geword buite sowel as binne die Nasionale Party (NP). Na die 1987-verkiesing is die logiese konsekwensies uitgespel dat swartmense deel moet word van 'n nuwe politieke stelsel. Die finale rypwording van die nuwe politiek het gedurende 1989 in die gemoed van FW de Klerk en 'n binnekringgroep in die Nasionale Party plaasgevind. Dit het alles konkreet geword in De Klerk se Parlementstoespraak van 2 Februarie 1990.

Inderdaad was die inhoud van dié toespraak 'n aksie van innovering in dié sin dat dit in beginsel afgewyk het van die NP se ingewikkelde model van magsdeling binne die strukture van apartheid.

Vir die doel van hierdie artikel wil ek verwys na die oorredingsdinamika binne die NP wat dié sprong moontlik gemaak het. FW de Klerk was die hoofsender van die nuwe boodskap, maande voor die 1990-toespraak. Ontvriesing van ou politieke houdinge het egter al ver gevorder deur die kommunikasie van die wegbereiders vir die nuwe politiek. Hierdie "wegbereiders" was die buiteparlementêre aksie van swartmense; die blanke opposisie, soos dit gestalte gevind het in die stigting van die Demokratiese Party; die Engelstalige pers; die verval van die Kommunisme in Oos-Europa; die verligte beweging onder Afrikaners en in die Afrikaanse pers gedurende die sewentiger en tagtigerjare; internasionale isolasie en die opdroog van ekonomiese hulpbronne deur sanksies; spesifieke publikasies en diskoerse van akademici; en nog baie ander wegbereiders.

Die boodskap vir verandering aan die NP se steunbasis was dat apartheid gedisintegreer het oor sy sewe sondes. Die ordelikheid wat apartheid wou bring, het misluk. Die rekenkunde van apartheid is dom, want hoe maak mens die som dat 37 miljoen mense weggekanaliseer word en 10 miljoen alle mag beoefen. Die balansstate het nie geklop nie - dis onbekostigbaar en finansieel onuitvoerbaar. Die immoraliteit van apartheid was onaanvaarbaar. Die rassisme van apartheid was boos. Apartheid het die krag van swart bevryding onderskat. Die



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

ingewikkeldheid van apartheid het die onheilige knoeiery wat agter apartheid gesit het, verraai.

Met hierdie boodskap is daar intern - binne die NP - magsbasis - onderhandel en oorreed. Daar was 'n lang inkubasietyd vir die verandering. Die terugvoering was dat ou apartheidskonsepte verweer en dat die klimaat reg is vir 'n vrye demokratiese verkiesing. Apartheidsdenke het "onbehoorlik" geword en is gestol in die Konserwatiewe Party.

♦ **Die "afkoeling" van die swart revolusie[2] is ook deur onderhandeling en oorreding bereik.**

Die strategie het verander van militante magsoorname na 'n onderhandelde skikking. Hierdie strategieverandering in ANC-kringe is die gevolg van verkenningsgesprekke tussen prisonier-Mandela en ampsdraers van die PW Botha-regering. Daar was ook sterk druk van buitelandse regerings op die ANC om die demokratiese weg te kies. Binnelands en in die buiteland het onderhandelingsnetwerke ontwikkel, wat bygedra het tot die verskuiwing van swart politieke houdinge. Die klimaat vir die wegbeweeg van die geweldsopsie en die keuse vir onderhandeling is gevestig in swart geledere. Dit het die brug na die verkiesing gebou.

♦ **Die ontwerp van die oorgangsmaatreëls en strukture** was die finale aanloop tot die verkiesing. Die **Parlementstoespraak van 2 Februarie 1990 het drie prosesse aangekondig.**

Een: die demokratisering van die politieke sisteem deur onder meer algemene stemreg, demokrasie volgens die meerderheidsbeginsel in 'n onverdeelde staat, beskerming van minderhede, geen diskriminasie, 'n menseregtehandves en 'n vryemark ekonomie.

Twee: die normalisering van die politieke proses deur herroeping van die noodtoestand, vrye politieke aktiwiteit, die opheffing van die verbod op politieke organisasies en die vrylating van heelwat politieke gevangenisse.

Drie: die ontwerp van 'n nuwe grondwet deur onderhandeling. Die onderhandeling vir die oorgang en oorgangsgrondwet was 'n handboekgeval van onderhandelingskommunikasie.

Daar word vier fases in onderhandeling onderskei: voorlopige diskussie, voor-onderhandelingsposisionering, die onderhandelingsproses en die implementering van die onderhandelde skikking. Die onderhandelingsproses volgens die literatuur het vier subfases: verkennende onderhandeling, akkommoderende onderhandeling, konfronterende onderhandeling en kompromie-onderhandeling. Via die Groote Schuur Minuut (Mei, 1990); die Pretoria Minuut (Augustus, 1990); die DF Malan Lughawe Beraad (Februarie, 1991); die Vredesakkoord (September, 1991); Kodesa I



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

(Desember, 1991); Kodesa II (Mei, 1992); die Verstandhoudingsakkoord tussen die ANC en NP (September, 1992); en die Veelparty Onderhandelingforum (begin 1993) ... via dié onderhandelingstrukture is konsensus gevind oor 'n verkiesingsdatum en nuwe grondwet op 18 November 1993. [3]

Vanuit 'n kommunikasiehoek gesien, kan die gevolgtrekking gemaak word dat die politieke onderhandelinge 'n legitieme proses was en dat al die beginsels van onderhandelings-kommunikasie in die proses toegepas was.

Die aanloop tot die verkiesing vanuit die perspektief van oorreding, regverdig verdere navorsing. Dis 'n empiriese gegewe wat vra na wetenskaplike peiling en ordening deur die kommunikasiewetenskap.

Die dinamika ten opsigte van die blanke kiesers was onder meer: die skep van twyfel en die behoefte aan verandering; die definiëring van nuwe konsepte en die versterking daarvan deur kreatiewe herhaling; die stabilisering en integrasie van die nuwe konsepte; appèl op vrees; die vir- en teenargumente te weeg; manipulasie, rasionalisering en relativering; goeie tydsberekening; en paaiement- induksies van nuwe konsepte deur teelepeltjie vir teelepeltjie die nuwe konsepte aan te bied om die kiesers te klimatiseer en immuun te maak vir die skok, en terselfdertyd nog agterdeure oop te laat.

Dit was 'n demonstrasie van wat politieke retoriek vermag. Die implementering van die onderhandelde skikking het konkreet geword in die verkiesing van 27/28/29 April 1994.

## DIE AMPTELIKE VERKIESINGSTRUKTURE GEWEEG

Met die begrip geweeg word bedoel dat daar baie vlugtig deur die bril van kommunikasiedoeltreffendheid en kommunikasiefokuspunte, aantekeninge gemaak sal word by die volgende: Kiesersopleiding. Die Uitvoerende Oorgangsraad. Die Onafhanklike Verkiesingskommissie. Die Onafhanklike Mediakommissie. Die internasionale monitering.

**Kiesersopleiding**[4] was nie doeltreffend gekoördineer nie. Hoewel die Independent Forum for Electoral Education (IFEE) 'n koördinerende funksie vervul het, het organisasies en instellings soos paddastoele opgespring om kiesers op te lei. Dit het voor die verkiesing iets van 'n industrie geword waardeur geld gemaak is en werkloses 'n lewe gevind het. Verskillende doelstellings en metodes is nagevolg op 'n lukraak wyse. Gebrek aan tyd, geld en infrastruktuur het die projek ernstig geknou, veral in plattelandse gebiede.

Die vraag is of die bykans 20 miljoen mense wat gestem het, wat 'n 87 stempersentasie verteenwoordig en die skamele 0,99 persent bedorwe stemme, 'n geldige empiriese bewys is van die sukses van



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

kiesersopleiding?

Nog 'n vraag is of die trefkrag van televisie- en radio- advertensies, gekoördineer deur die Democracy Education Broadcasting Initiative (DEBI) sowel as die vrye politieke verkiesingsuitsendings deur die SAUK en TBVC radiostasies, beduidend was vir die hoë stempersentasie?

Kommunikasiekundiges sou wat wou gee om 'n antwoord op dié twee vrae op 'n wetenskaplike wyse te probeer bekom, want die effek van kiesersopleiding is 'n hoofstuk in politieke kommunikasie en ook media-effekte in die algemeen.

Om 'n wetenskaplike antwoord op dié twee vrae te vind, is nie haalbaar nie.

Dis veilig om te aanvaar dat kiesersopleiding deur werkswinkels, televisie en radio besliste invloed moes gehad het op die hoë stempersentasie en redelike gladde verloop van stemprosedures. Daarby kom nog die aansteeklike verkiesingsatmosfeer wat Suid-Afrika vir maande ervaar het. Dis myns insiens egter nog veiliger om te aanvaar dat die hoë stempersentasie primêr toegeskryf kan word aan die politieke motivering van vryheid, magsoorname deur die swart bevolking en die verwerping van apartheid. Om dié standpunt sinies te stel: sou kiesersopleiding totaal afwesig gewees het, sou hoë stempersentasies nogtans dié verkiesing gekenmerk het. Ek herhaal wat in 'n vorige punt gestel is, naamlik dat die stempersentasie 'n demonstrasie is van wat politieke retoriek vermag.

Die programme en advertensies van kiesersopleiding het wisselend gefokus op oordrag van demokratiese waardes soos die reg om te stem en verdraagsaamheid. Die eintlike fokus was om kiesers op te lei in stemprosedures, hulle te motiveer om te gaan stem en te verseker dat die stem geheim is. Die metode wat gevolg is, was hoofsaaklik om die stemprosedure na te maak in 'n spelsituasie. Visuele metodes en verbale kommunikasie is min of meer in gelyke mate gebruik.

Kiesersopleiding behoort 'n deurlopende projek te wees, tenminste vir die volgende vyf jaar. Maar dan moet dit aan spesifieke vereistes voldoen, waarvan ek 'n paar uitspel.

-Dit moet 'n staatsinisiatief wees deur middel van 'n staatsdepartement of 'n staatsgesubsidieerde inisiatief deur middel van 'n statutêre liggaam.

-Om die professionaliteit van dié aksie te waarborg, moet kommunikasiekundiges betrek word in die ontwerp en implementering daarvan.

-Kiesersgeletterdheid vereis dat dié aksie aandag gee aan nasionale doelwitte soos die kultuur van demokrasie, die handves van menseregte, nasionale eenheid en versoening, die basiese beginsels van die grondwet, en dies meer.



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

**Die Uitvoerende Oorgangsraad** was 'n kompromie-struktuur wat onder meer die opdrag gehad het om die oorhoofse bestuur van die verkiesing te behartig. Die Nasionale party Regering kon weens wantroue en omdat dit 'n party tot die verkiesing was, nie die verkiesing reël nie. Al die politieke partye was daarop verteenwoordig. Ondanks die feit dat dit 'n lomp struktuur was; sonder werklike kohesie; waar eie politieke belange van die deelnemende partye 'n groot rol gespeel het; wat groot en rojale kostes aangegaan het; wat lamgelê is deur 'n oorvol agenda - ondanks dit, het die Raad op 'n middelmatige wyse sy funksies vervul. Vertikale en horisontale kommunikasie in die organisasie het geneig om 'n ramp te wees.

Die **Onafhanklike Verkiesingskommissie** het die administrasie van die verkiesing behartig.

Na die aanvanklike hoë status wat dié kommissie verwerf het, het kritiek tydens en na die verkiesing so opgebou dat die aansien van die kommissie gestroop is. Die negatiewe persepsie het die algehele oorhand gekry. Die hoofpunte van kritiek was: die onbekwame en onbetroubare personeel op grondvlak; die chaotiese reëlings by baie stemlokale, ook met die distribusie en verdwyning van stembriewe; wanpraktyke by die stemtellery; die hoë koste van die verkiesing - R50 per keiser - wat in totaal bereken word op meer as R1 miljard; en die swak kommunikasie tydens die verkiesing, veral wat die bekendmaking van uitslae betref.

Agterna gesien, is daar reekse van versagtende omstandighede. Dit was die politieke eis dat die swart bevolking moes deel hê aan die administrasie wat gelei het tot 'n groot komponent van onervare, onopgeleide en plek-plek korrupte personeel. Die tydperk van vier maande om van A tot Z die verkiesing te reël, het groot kortsluitings veroorsaak. Die laat toetrede van Inkatha tot die verkiesing het 'n hals oor kop geskarrel gebring. Die verlenging van die verkiesing tot drie dae, het die kaarte deurmekaar gekrap. Infrastruktuur was onvoldoende. En wat kostes betref, word daarop gewys dat 'n Amerikaanse verkiesing 13 dollar per kieser kos.

Drie aspekte van die werksaamhede van die Onafhanklike Verkiesingkommissie behoort kommunikasiekundiges se aandag te trek.

Die eerste is dat die politieke verwagtinge oor die verkiesing en verkiesingsuitslag meer gewig gedra het as die administratiewe en juridiese detail. Die politieke klimaat van dié verkiesing het vereis dat dit 'n vrye en billike verkiesing verklaar moet word, selfs al sou dit nie die geval gewees het nie. Die land, die geskiedenis en die wêreld kon in geen opsig bekostig dat dit 'n mislukking is nie. Dit was die kroningsmoment van bevryding van apartheid. Die bevrydingsidee - soos



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

met die krag van 'n ideologie - het as't ware vooraf besluit dat die boodskap positief moet wees. Die verkiesing was 'n simboliese daad en die uitslag moes die simboliek bevestig. Dit is opmerklik dat talle geregverdigde besware oor knoeiery met die stemme, vrywilliglik en haastig, deur alle partye in die doofpot gegooi is. Politieke kommunikasie het die aard van teater - as die gordyne op 'n gegewe moment oopgaan moet die spelers hul "act" lewer en applous is die beloning. Op die wêreldverhoog is die "verkiesingsact" gelewer. Niks en niemand sou dit kon verhinder nie, want die applous dat dit 'n vrye en regverdige verkiesing was, was die lewensdraad waaraan dit toekoms van die land gehang het. Die konteks waarin die verkiesing afgespeel het, was Hamlet se "to be or not to be", en daarom is die uitslag aanvaar ondanks getuienis dat baie vraagtekens hang oor die uitslag.

Die tweede aspek is dat die vae en teenstrydige en lomp kommunikasie van die Gallagher hoofkwartier van die Verkiesingskommissie rondom die uitslae, aanleiding gegee het tot 'n vloedgolf van gerugte, veral dat grootskaalse "horse trading" tussen partye plaasgevind het, dat 'n miljoen stemme nie getel is nie, dat iets baie wesenlik weggesteek word en dat chaos spoedig in die land sal losbars. Dit bewys die ou kommunikasiestelling dat oneffektiewe kommunikasie die geldigheid en geloofwaardigheid van 'n gebeure emstig ondermyn.

Miskien was die kommunikasie met opset vaag om geen klip in die hoenderhok te gooi nie en sodoende die simboliek van 'n vrye en regverdige verkiesing nie te skaad nie. Wie weet?

Die derde aspek is die persepsies oor Regter Johan Kriegler as voorsitter. Hy is tot sondebok gemaak. Angs oor die verkiesing is op hom geprojekteer. Dis 'n tipiese verskynsel. Skrywer deel die oordeel van Tim Cohen in *Business Day* (2/5/94): "(Kriegler) was brilliant. Constantly finding ways to deal with every crisis, smoothing over difficulties and pacifying angry politicians, he was a tower of strength."

Die **Onafhanklike Mediakommissie**[5] moes waghou oor die SAUK se billike behandeling van alle politieke partye tydens die verkiesing en alle staatspublikasies moes gemonitor word om te verseker dat die NP-Regering en TBVC-regerings nie eie politieke propaganda in publikasies insmokkel nie. Daar is reaktief (hantering van klagtes) en proaktief (monitering van die SAUK en staatspublikasies) te werk gegaan.

Die finale verslag het verklaar dat geen intensionele wanpraktyke op dié vlak plaasgevind het nie en dat probleme deur onderhandeling besweer is.

In die verslag is daar 'n paar gevolgtrekkings en aanbevelings wat



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

vir kommunikasiemense van belang is.

Die een bevinding was dat die kieserskorps nie volledig en akkuraat ingelig is oor die politieke beleid van die verskillende partye nie. Inligting het gesentreer rondom persoonlikhede en nie genoegsaam rondom politieke kwessies nie. Die professionele standaard van politieke joernalistiek van die SAUK is gekritiseer.

'n Aanbeveling lui dat staatsinligtingsdienste baie maklik misbruik kan word deur die politieke party wat aan bewind is. Daarom behoort die nuwe Regering 'n onafhanklike liggaam daar te stel om op deurlopende wyse staatsinligtingsdienste te monitor met die oog op politieke misbruik daarvan.

Hierdie aanbeveling is baie belangrik, hoewel daar twyfel bestaan of die Regering daaraan sal gehoor sal gee. Dit is skrywer se ingeligte spekulasie dat die NP-bewind oor jare skaamteloos politiek bedryf het via die inligting van die Staat. Hoewel die staatsdienswet dit verbied, is baie staatsamptenare geneig om die minister se politieke belange te dien. Dit lê ook in die aard van die politikus om sy mag te misbruik terwille van sy eie en sy party se belang.

Nog 'n aanbeveling lui dat 'n Wet op Vryheid van Inligting noodsaaklik is. Dié wet moet bepaal dat die bewyslas nie p die individu moet rus om te motiveer waarom hy op 'n spesifieke punt toegang tot staatsinligting wil bekom nie. Toegang tot staatsinligting is 'n reg, nie 'n voorreg nie. Daar moet dus vrye toegang tot inligting wees. Hierdie drie sake - politieke joernalistiek tydens 'n verkiesing, onafhanklikheid van staatsinligting van die partypolitiek en die reg op vrye toegang tot staatsinligting - verdien navorsingsaandag deur die kommunikasiekunde.

**Internasionale monitering** van die verkiesing was ook 'n amptelike struktuur. Daar was afvaardigings van die Verenigde Nasies, die Europese Unie, die Statebond, die Internasionale konfederasie van Vakunies en nog ritse ander internasionale verteenwoordigers. Sonder uitsondering het almal verklaar dat, ondanks probleme op die stemdae, die verkiesing vry en regverdig was.

Internasionale monitering het eintlik net simboliese waarde vir die verkiesing. Dit is 'n teenwoordigheid (hoe bolangs ookal) wat internasionale geloofwaardigheid aan die verkiesing gegee het.

## DIE VERKIESINGKAMPANJE

- **Beleidskommunikasie**[6] in die verkiesing het plaasgevind deur toesprake, vrye radiotyd vir partye, manifeste, pamflette en besprekingsprogramme op televisie. Advertensies in die gedrukte media het ook beleidskwessies uitvoerig aangespreek. As beleidstemas



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

gereduseer word tot tien temas, lyk die beleidsprioriteite van die twee grootste partye soos volg, in volgorde van waar die swaarste aksent geval het.

| | ANC | NP |
|---|---|---|
| 1 | Werkskepping | Vryemark ekonomie |
| 2 | Heropbou- & Ontwikkelingsprogram | Werkskepping |
| 3 | Onderwys | Onderwys |
| 4 | Behuising | Behuising |
| 5 | Ekonomiese kwessies | Minderheidsregte Menseregte |
| 6 | Gesondheidsorg | Veiligheid |
| 7 | Veiligheid, Polisie & Weermag | Gesondheidsorg |
| 8 | Geregtigheid & menseregte | Nasiebou |
| 9 | Nasiebou, rekonsiliasie, minderheidsregte | Regstellende aksie |
| 10 | Herverdeling van grond | Federalisme |

Hierdie twee kolomme is 'n illustrasie van twee dinge. Beleidsooreenkomste tussen die twee partye was groter as beleidsverskille, soveel só dat daar tot 'n groot mate nie onderskei kon word tussen ANC- en NP-beleid nie. Die tweede is dat daar wel aksentverskille was, ook in die gewig wat aan sekere beleidsonderwerpe gegee is. Dis duidelik dat albei party beide twee markte (blank en nie-blank) in gedagte gehou het. Die NP het sy blanke mark egter hoër opgegee, sonder om sy nie-blanke mark te laag op sy prioriteitslys af te druk.

**Politieke retoriek** in die verkiesing is gemeet teen drie kategorieë van politieke kommunikasie:

Een: vae, dubbelsinnige retoriek teenoor helder en konkrete retoriek.

Twee: vreesappèl teenoor gerusstellende versekerings.

Drie: pleitend-uitnodigende retoriek teenoor outoritêre retoriek.

Dit het geblyk dat albei die twee groot partye in hulle retoriek tussen hierdie pole beweeg het. Die ANC was by verre helderder en meer konkreet in sy verkiesingsbeloftes as die NP (oor behuising, regstellende aksie, werkverskaffing, onderwys, ensovoorts.) Die NP het deur sterk druk op vreesappèl, 'n meer negatiewe veldtog gevoer as die ANC (kommunistiese gevaar, ineenstorting van die ekonomie, wet en orde sal buig voor die massas, die wêreldekonomie vertrou die ANC nie, ensovoorts.) Die twee partye kom min of meer gelyk in hul pleitend-uitnodigende retoriek.

Dit is 'n geldige gevolgtrekking dat verkiesingsretoriek - teen verwagtinge in - besonder beheersd was. Wilde swartsmeerdery, krenkende beledigings, ou koeie uit



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

die sloot grawe en ander vorme van skellery het nie hierdie verkiesing oorheers nie. Die ANC het klaarblyklik besluit om nie eksessief te leun op die apartheidsverlede van die NP nie en die NP (wat die negatiefste van die twee was) het telkens weer op die positiewe gefokus en die ANC met 'n vorm van respek behandel. Wat dus opvallend was, is dat die held/skurk digotomie wat tipies van politieke retoriek is, wel teenwoordig was, maar aansienlik afgeplat was.

Verskillende verklarings word aangebied vir die redelikheid van die veldtog. Vir skrywer is die mees aanvaarbare verklaring dat die grondwet 'n sisteem van vennootskap-in-opposisie ontwerp het. Die wete dat die ANC en NP na die verkiesing 'n Regering van Nasionale Eenheid moet vorm, het die verkiesingsretoriek getemper. Nog 'n verklaring kan wees dat die NP terwille van swart steun hom weerhou het van te skerp anti-ANC retoriek, wat 'n swart teenreaksie tot gevolg kon hê. Die ANC weer wou die blanke mark gerusstel.

In 'n artikel van Eric Louw [7] word die aandag daarop gevestig dat patrone van politieke diskoers in die ANC en NP merkwaardig verskuif het gedurende die jare 90 tot 92. Volgens Louw het die ANC se retoriek verskuif van "nonracialism" na "black nationalism" en die NP- retoriek het verskuif van Afrikaner nasionalisme na "nonracialism". Inderdaad - die verkiesingsretoriek van veral die NP het volledig inbeweeg in nie-rassigheid. Dis 'n ironie wat werd is om te onderstreep.

**➧ Propaganda-tegnieke in die verkiesing het die volle spektrum ingesluit.**

'n Vinnige analise van die verkiesingsretoriek, slagspreuke en advertensies lewer die volgende voorbeelde:

-**Uitskel** (*name-calling*) is deur die NP gebruik om die etiket van kommunisme aan die ANC te plak, die ANC te beskuldig dat hulle die polisie demoniseer en dat die ANC onbevoeg is om sy beloftes na te kom. Die ANC het die uitskeltegniek gevolg met die etiket dat die NP die misluktes, rassiste en onderdrukkers is. Die NP is ook met die Hitler-bewind geassosieer.

-**Skreeuende veralgemening** (*glittering generality*) is effektief deur albei gebruik deur hul partye te assosieer met vae maar edele waardes soos nasiebou, vryheid, vrede, 'n beter lewe vir almal en veiligheid.

-**Huldeblyk** (*testimonial*) het veral gesentreer rondom die twee hooffigure, De Klerk en Mandela. Trouens, dit was wesenlik 'n twee-mens verkiesing. Alles was daarop gerig om hul beeld te bou tot heldefigure van groot formaat. Die huldeblyke kan gereduseer word tot: Mandela, die oorwinnaar in die "struggle" wat sy martelaarskap van 27 jaar geoffer het vir bevryding; en



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

De Klerk, die man wat apartheid vernietig het en die inisieerder van vernuwing is.

-**Oordrag** (*transfer*) het die treffendste geblyk in die NP se propaganda om die Westerse wêreld se ekonomiese sukses oor te dra op die NP se ekonomiese resep en om te beweer dat internasionale sanksie vir NP-beleid gegee is. Die ANC het die legitimiteit van die Goldstone Kommissie oorgedra as bewys van sy geloofwaardigheid deur die "derdemag" in polisie oor te dra op die NP. Sondebokke is oral gevind vir die geweld, byvoorbeeld waar die NP sy hande bly was het en die ANC en IVP se konflik in Natal as die kernoorsaak vir geweld uitgewys is.

-**Seile na die wind** (*bandwagon*) is gebruik deur die NP om anti-ANC sentimente wat sterk in die verkiesing geloop het, onder blankes en Kleurlinge te manipuleer met die slagspreuk dat die NP die enigste opposisie vir die ANC is. Ook die NP-advertensie wat die stasiemoordenaar in die Kaap se Kleurlingbuurt en die weersin teen die persoon gemobiliseer het teen die ANC se betoog dat gevangenes moet stem. Die ANC het gery op die groot versugting van die massas na bevryding.

-**Vereenselwiging met gewone mense** (*plain folks*) is veral in die sogenaamde *"road shows"* gebruik met Mandela en De Klerk, omring deur skares en die twee leiers wat groet en skouers skuur met gewone mense. Opvallend was die informele kleredrag van Mandela. Die NP se reeks volblad advertensies van gewone mense (taxibestuurders, loodgieters ensovoorts) wat vir hom gaan stem, was ook 'n baie effektiewe aanwending van dié tegniek.

♦ **Die advertensieveldtog** se kostes wil niemand presies bekendmaak nie. Na berekening het dit die twee hoofpartye miljoene in dubbelsyfers gekos, ondanks die vrye uitsaaityd wat deur die Onafhanklike Mediakommissie onder die partye verdeel is.

Volgens ons eie "klein navorsing" kan die volgende voorlopige aantekeninge by die advertensieveldtog gemaak word:

Die **teikenmark** vir advertensies van die ANC en NP was primêr op die nie-blanke bevolking gerig. Die rede is voor-die-hand-liggend vanweë die stemkrag van die swart en bruin Suid-Afrikaners. Dit was veral vir die NP van belang omdat sy beeld omgebuig moes word na 'n veelrassige party. Verder het die NP swak toegang gehad tot die swart woonbuurtes. Die ANC- en die NP-advertensies het klaarblyklik nie intensioneel op die blanke kieser gefokus nie. Gedurende die veldtog het NP-advertensies al hoe sterker op die Kleurlinge gemik (bv. die kommunisme-advertensie).

Die **oorkoepelende advertensie-tema** is afgelei van tien advertensie-



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

temas van die twee partye.

ANC-temas was: *A better life for all. Mandela as President. Mandela - the people's choice. Working together for jobs, freedom, peace. Let's get South Africa working - jobs, jobs, jobs. The ANC has a plan. Vote ANC for women's rights. Uplifting the quality of life. You can't trust the NP ... they are the problem. It's time for change.*

NP temas was: *Be sure of a better life. Vote for real peace and create jobs. Our only chance for a safe future. We've made the change. Only the NP can stop the ANC. Say no to the ANC and Communism. To unite the nation. Together we'll build a new South Africa. I decided not to vote for the colour of my skin, but for my country - I'm voting NP. Kommunisme het elke land geruïneer. Onthou meer as die helfte van die top ANC-kandidate is kommuniste.*

Ons konklusie was dat die sentrale tema van die ANC advertensies was dat die ANC gereed is om oor te neem as regering en dat onreg herstel sal word. En dat die NP die land in die ellendes van bankrotskap, geweld en rassisme gedompel het. Die sentrale tema van die NP advertensies was dat die NP 'n nuwe party is, die enigste volwaardige veelrassige party is en die inisieerders van vernuwing is. En dat die ANC onbetroubaar is - ideologies en ekonomies.

Die **ritme** van die advertensieveldtog het vier fases getoon: vereenselwiging met die kiesers; beleidstelling; konfrontasie met die opponent; en herversekering van positiewe beloftes.

**Die verkiesing en die media**[8]. Die indrukke van die skrywer is in die volgende stellings saamgevat:

**Koerante** het in die algemeen baie beheersd en saaklik gerapporteer en kommentaar gelewer. Billikheid en objektiwiteit is deurgaans gehandhaaf. Sensasie is vermy, ook in opskrifte. Politieke inligting is helder deurgegee. Koerante het - in teenstelling met verkiesings in die verlede - geen emosionele veldtog gevoer nie. Kritiek op partye was ewewigtig en ter sake. Persvryheid is in landsbelang beoefen.

Die voorkeure van koerante vir politieke partye het meestal "sag" en "versluierd" oorgekom. *Sowetan* was die mees uitgesproke dat die ANC en PAC die enigste partye is om voor te stem. *The Citizen* het besonder sterk die NP gekies. *Beeld* en *Burger* het ook die NP gekies, maar met die nodige afstand (veral *Beeld*). *Rapport* het die sterkste veldtog teen die ANC gevoer met "slim" ondertone van steun aan die Vryheidsfront van Constand Viljoen en voortdurende kwelvrae wat voor die NP gelê is. *Sunday Times* was besonder gebalanseerd in beriggewing en in kommentaar is die ANC en NP amper op gelyke wyse aangeval vanuit die hoek van liberale waardes. Daar was ondertone van DP- steun. *The Star* het implisiet die ANC



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

gesteun, maar nie kritiekloos nie en nie sonder positiewe gesindhede vir die NP nie. Die verkiesing en die nuwe bedeling in Suid-Afrika het waarskynlik die onafhanklikheid van koerante ten opsigte van politieke partye bevorder.

Die *SAUK* is beskuldig (onder meer deur die NP) dat die ANC bevoordeel is. Waarskynlik is hierdie persepsie gevorm omdat die SAUK tydens die verkiesing in 'n oorgangsproses was. Die NP het op grond van die verlede meer van die SAUK verwag en die ANC was al goed gevestig in SAUK-geledere tydens die verkiesing.

Daar was ook kritiek dat die SAUK mindere partye afgeskeep het; in beplanning van besprekings-programme en nuusdekking dikwels onprofessioneel was in vergelyking met buitelandse televisiedekking; en dat die verkiesing die aanbod só oorheers het dat dit tot oorbelading en oorversadiging gelei het. Heelwat advertensie-agentskappe het ook produkte binne 'n verkiesings-raamwerk geplaas, wat die oorbelading verhoog het.

Myns insiens is dié kritiek grootliks oordrewe en bevooroordeeld. Die SAUK het oor die algemeen 'n puik vertoning tydens die verkiesing gelewer en sy neutraliteit bewys.

♦ **Die verkiesing en die minderheidspartye.** Net enkele opmerkings oor die Demokratiese Party (DP), Inkatha (IVP) en die Vryheidsfront (VF).

Die DP se kampanje was aggressief, gevat en vermaaklik. Die posisioneringspunt was "Protecting you from the abuse of power" en dan het hulle die volle fokus laat val op NP/ANC-komplotte. Die veldtog het weinig op beleidskwessies gekonsentreer. Dit was te negatief. Die DP het ook weinig geloofwaardigheid gehad as 'n krag in die politiek. Nie-blankes was sinies oor die DP en baie blankes wat tradisioneel DP ondersteuners was het geredeneer dat NP-steun effektiewer sou werk in die te stigte Regering van Nasionale Eenheid.

Inkatha se laat toetrede tot die verkiesing kan uit 'n advertensiehoek nie as 'n nadeel beskou word nie, want hulle het met die verkiesingsboikot en die werwingspoging van Mandela en De Klerk dat hulle moet toetree, baie prominente nuusdekking ontvang. Die vraag word by kenners gevra of die boikot nie 'n doelbewuste strategie was om publisiteit te verkry nie. Die IVP het sy steun etnies gemonster. Dis nie noodwendig te lees as 'n stem vir federalisme nie.

Die Vryheidsfront het 'n haastige maar suksesvolle kampanje gevoer. Hulle retoriek en advertensies was gemik op blanke vrese. Vrees vir: die herverdeling van grond; gebrek aan selfbeskikking; kulturele verlies van status; aftakeling van nasionale en christelike waardes; en NP/ANC alliansies wat die blanke (Afrikaner) nie meer sal konsidereer nie.



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

Die sentrale boodskap was dat daar 'n onderhandelingsopsie oop moet bly vir selfbeskikking van die Afrikaner. Die integriteit van die sender - generaal Viljoen - is sterk gepromoveer.

Die VF het aan die regse beweging onder blankes, 'n nuwe status en moontlikheid gebied.

**♦ Die uitslag van die verkiesing stel verskillende vrae aan kommunikasiekundiges.**

Was dit 'n kommunikasie-kortsluiting dat die NP net 3,983,690 stemme (20,30 persent) ontvang het, want volgens binnekringe was hulle projeksies dat hulle 'n minimum van 28 persent stemme sal trek?

Het die NP se veldtog om swart steun te werf, misluk vanweë foutiewe advertering en retoriek? In Noord-Transvaal het die NP 'n skamele 3,3 persent stemme getrek, in die Vrystaat 12,6 persent en in Noordwes 8,8 persent. Volgens hulle berekeninge was daar in dié provinsies 'n 5 na 8 persent anti-ANC sentiment by swartmense. Wat het misgeloop?

Waaraan is die redelike goeie sukses van die NP onder Kleurlinge toe te skrywe? Politieke retoriek of kulturele identifikasie (ook via taal) of bruin vrese vir swart oorheersing?

Is die ANC-oorwinning met sy 12,237,655 stemme (62,65 persent) toe te skrywe aan die inhoud en formaat van sy veldtog?

Wat het misgeloop met die DP? Die verwagting was dat hulle 7 persent stemme sou trek en dit was toe 1,73 persent?

Al hierdie vrae - en nog meer - kan navorsingstemas word van die kommunikasiekunde.

Dis skrywer se aanvoeling dat die uitslag van die verkiesing baie weinig verband hou met die verkiesingskampanje. Soos reeds vroeër gesê, is dit 'n vraag of kiesersopleiding sukses kan opeis vir die 87 persent wat gestem het. Sou hulle nie buitendien gestem het nie?

Dit was 'n verkiesing van simboliek. Bevryding, voltooiing van die revolusie, magsoorname en herstel van onreg was die motiverende energie. Al die retoriek, propagandategnieke en advertensie-strategieë wat bespreek is, het dalk onbeduidend min invloed uitgeoefen.

Dit was 'n rasstem. Behalwe vir Kwa-Zulu, was dit nie 'n etniese stem nie, maar 'n stem van swart vir swart en 'n nie-swart stem (blankes en 'n meerderheid Kleurlinge) vir die NP, wat steeds gesien is as die nie-swart party. Daarmee word die invloed van die media, propaganda en advertensies nie in die algemeen geminimaliseer nie, maar spesifiek vir die 1994-verkiesing mag dit waar wees dat die invloed baie beperk was.

In 'n kieserskorps is daar normaalweg groot differensiasie van oriënterings - die ideologiese kieser,



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

persoons-kieser, die blinde volgeling, die krities-wegende kieser, die twyfel-in-konflik kieser, die meganies-konformerende kieser, die apaties-wegwysende kieser, ensovoorts.[9] Die 1994-kieser het waarskynlik 'n ras-oriëntasie gehad. Sou dit waar wees, is die vraag hoe dit kan verander met die oog op die volgende verkiesing? Dis 'n vraag wat kommunikasie-navorsing se aandag verg, want 'n ware demokrasie kan nie op ras gebou word nie, maar op beleid van politieke partye.

## NAWERKINGE VAN DIE VERKIESING

Die **politieke klimaat** voor die verkiesing was oorheersend pessimisties na wanhopig onder die blanke publiek. Dié wanhoop is selfs tot die absurde gedryf met die vlaag van die oppot van huishoudelike voorrade van veral massas geblikte kos, kerse en paraffien. Die gerug het geloop dat elektrisiteits-voorsiening emstig gesaboteer gaan word en euforiese wetteloosheid alles gaan lamlê. Dit het ook verband gehou met voorspellings van 'n burgeroorlog. Dit bewys weer die krag van gerugte.

Tydens die stemmery, tellery en aankondiging van die verkiesinguitslae met die politieke klimaat as't ware binne ure omgeswaai na 'n atmosfeer van aanvaarding, solidariteit en hoop. Dit is verder versterk deur die inhuldiging van die nuwe Regering Dit was 'n merkwaardige verskynsel wat verder nagevors kan word.

Skrywer se aanvoeling is dat die volgende dinamika hierdie ommeswaai te weeg gebring het:

Die dinamika van: verligting dat alles so rustig en geweldloos aan't verloop was; van blootstelling aan die gees van welwillendheid, feestelikheid en vrolikheid wat soos 'n veldbrand versprei het; van die besef dat "iets bedreigends afgehandel is", dat 'n "onvermydelikheid voltooi is"; die gerigtheid van hoop vir die toekoms.

Hierdie vier dinamikas is kragtige dryfvere vir houdingsverandering. Die politieke retoriek van uitreiking en gerusstelling het baie bygedra tot dié houdingsverandering.

Dit is egter duidelik dat die politieke klimaat in Suid-Afrika besonder broos is in sy wisseling tussen optimisme, pessimisme en realisme. Dit is tipies van die oorgangsverskynsel van onsekerheid en afwagting.

Die verdere **kommunikasie binne partye en binne die Regering van Nasionale Eenheid** is vir die kommunikasiekunde ook 'n studieveld.

Vrae wat die politieke diskoers in die land gaan oorheers vir die volgende drie jaar, is onder meer die volgende:

Gaan die ANC steeds realistiese politiek bedryf of inbeweeg in radikale politiek? Sal daar noodwendig 'n skeuring in die ANC plaasvind tussen realiste en radikaliste? Kan dit aanleiding gee tot 'n herskikking van politieke groeperinge waar 'n realistiese alliansie en 'n radikale



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

alliansie sal meeding om politieke mag?

Sal die ANC met sy retoriek daarin slaag om die massas te oortuig dat die verkiesingsbeloftes nie uitgevoer kan word nie? (Dit word grappenderwys gesê dat politieke retoriek se kuns daarin bestaan om kiesers te oortuig om hulle beloftes te glo en daarna hulle weer te oortuig dat die beloftes nie uitgevoer kan word nie - in 'n grap is die waarheid dikwels tentoongestel.)

Gaan die NP daarin slaag om hom beduidend te vestig by die swart kieser? Gaan dit 'n kragtoer in interkulturele kommunikasie vra?

Nog 'n kragtoer - hoe gaan die NP in sy kommunikasie daarin slaag om tegelyk opposisie en vennoot te wees in die koalisieregering?

Verdere diskoerse sal gaan oor nasiebou, die ekonomie, stabiliteit, die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram en die Boerestaatfederalisme. Dié lys kan nog aangevul word.

## AGENDA VIR KOMMUNIKASIEKUNDE

Die kommunikasiewetenskap vind in die politiek van Suid-Afrika 'n navorsings- en toepassingsveld.

Kleingroepkommunikasie, organisasiekommunikasie, oorredingskommunikasie, reklame, bemarking, advertensies, joernalistiek, beeldkommunikasie, politieke retoriek en skakelwerk kan met vrug fokus op ons politieke realiteite.

In die loop van hierdie oorsigtelike artikel oor verkiesing 1994 het skrywer telkens verwys na moontlike navorsing en bydraes wat kommunikasiekunde kan lewer.

As 'n kommunikasie-agenda uit die verkiesing afgelei moet word, sou dit onder meer soos volg kon lees:

-'n Analise van die impak van politieke oorredingsretoriek binne die NP en ANC gedurende 1987-1990 om hulle magsbasisse voor te berei vir vernuwingspolitiek.

-Aspekte van die politieke onderhandelingspolitiek van 1990-1993 kan ondersoek word met die oog op watter kommunikasietegnieke toegepas is en hoe die proses uiteindelik verloop het om die teerling te werp.

-Kiesersopleiding met 'n kommunikasiefokus te bekyk: 'n kritiese evaluering van die kiesersopleiding van 1994; die rol wat dit gespeel het in die hoë stempersentasie; kiesersopleiding vir die toekoms en die ontwerp van 'n kommunikasiestrategie vir nasionale doelwitte soos nasiebou en demokrasie.

-Kommunikasie en die organisatoriese strukture van 'n verkiesing kan bestudeer word, met die Onafhanklike Verkiesingskommissie van 1994 as model van mislukking (of sukses?) en kommunikasieriglyne vir 'n volgende verkiesing.



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

-Die krag en rol van politieke simboliek in 'n verkiesing.

-Politieke joernalistiek gedurende verkiesing 1994 kan vanuit verskillende invalshoeke bestudeer word wat 'n bydrae kan maak tot joernalistiek in toekomstige verkiesings.

-Die onafhanklikheid van staatsinligtingsdienste van die regerende politieke party en hoe staatsinligting bedryf moet word, is 'n kwelpunt wat ondersoek kan word.

-Moet vrye toegang tot staatsinligting wetlike beslag kry? Hierdie baie aktuele kwessie kan vanuit die kommunikasie-dissipline georden word.

-Die breë veld van 'n verkiesingskampanje in Suid-Afrika lê oop vir kommunikasie-navorsing. Die klem kan val op baie temas: diskoers, advertensies, bemarking, ensovoorts van verkiesing 1994 en hoe dit moet wees en nie moet wees in 'n volgende verkiesing nie.

-Interkulturele kommunikasie in die Suid-Afrikaanse politieke konteks is 'n probleem wat roep na navorsing.

Die punt wat dié artikel wou maak, is dat kommunikasiekunde 'n geil navorsingsveld het in politieke ontwikkelinge in Suid-Afrika.

## VERWYSINGS

1. Sien DE KLERK, W. 1991: *F W de Klerk. Die man en sy tyd.* Hoofstuk I en II. Johannesburg: Jonathan Ball/Tafelberg.
2. Ibid 59-63; 82-88.
3. Vollediger inligting in die volgende bronne:
   - NIEUWMEIJER, L. 1988: *Negotiation: methodology and training*. Pinetown: Owen Burgess.
   - VAN DEN BERG, M.P. 1986: *The role of negotiation in solving relational problems: a communication study.* Ongepubliseerde M A-verhandeling: UNISA.
   - DE KLERK, W. 1994: The Process of Political Negotiation: 1990-1993. DE VILLIERS, B. (Ed.) *Birth of a Constitution.*
   - CASMIR, F.L. 1986: Conflict Resolution: the role of human communication. *Communicare*, Vol 6(1), November.
4. Vollediger inligting vir keisersopleiding in die April 1994 verkiesing. Voter Education: Post Mortem. *RGN Sentrum vir Grondwetlike Analise* Year, Vol 5(2), 1994.
5. Vir vollediger inligting. *Independent Media Commission Report to the Transitional Executive Council. Executive Summary.*
6. Skrywer en die honneursklas in Politieke Kommunikasie (1994) het gesamentlik empiriese projekte oor die verkiesingskampanje onderneem. Hierdie afdeling van die artikel bied 'n samevatting aan van



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

sekere bevindinge van die projek.

7. LOUW, P.E. 1994: Shifting patterns of political discourse in the new South Africa. *Communicatio*, Vol 20(1), pp 26-43.

8. Afgesien van honneursstudente se knipselversameling, het skrywer koerantknipsels versamel en geëvalueer as illustrasies van die media-hantering van die verkiesing.

9. SWANSON, D.L. 1981: A Constructivist Approach. *Handbook of Political Communication.* NIMMO, D. & SANDERS, R. (reds) Londen: Sage Publications, pp 178-189.

Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).